comeandreason MINISTRIES

# CHRISTUS SE TROUE MET SY BRUID

## BEREI DIE KERK VOOR VIR SY WEDERKOMS



TIMOTHY R. JENNINGS, M.D.

# Die verlossingsplan is God se aktiewe ingryping om sondaars weer in harmonie met Hom te bring, om rebelse, onbetroubare en sonde-siek mense terug te bring na 'n verhouding van intieme liefde en vertroue met Jesus.

**Christus se Troue met sy Bruid: Berei die Kerk voor vir sy Wederkoms**
Deur Timothy R. Jennings, M.D.

In Afrikaans vertaal deur: Danie Steyl
Redakteur: Jacques van den Heever
Proeflesing: Danie Steyl, Johan van den Heever

Kopiereg © 2022 deur
Come and Reason Ministries
4922 La Collina Way, Suite 100
Ooltwah, TN 37363
423-661-4734
comeandreason.com
southafrica@comeandreason.com

Alle regte voorbehou.
Gedruk in Suid Afrika.

Skrifaanhalings gemerk "NLV" is geneem uit die Nuwe Lewende Vertaling © 2006. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou.

Skrifaanhalings gemerk "AFR53" is geneem uit die Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953. Digitale uitgawe © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2012. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. www.bybelgenootskap.co.za / www.biblesa.co.za. Kontak: copyright@biblesociety.co.za.


Skrifaanhalings gemerk "AFR83" is geneem uit die Bybel in Afrikaans 1983-vertaling met herformulerings tot en met 1992 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. www.bybelgenootskap.co.za / www.biblesa.co.za. Kontak: copyright@biblesociety.co.za.

Skrifaanhalings gemerk "AFR20" is geneem uit die Bybel in Afrikaans 2020-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. www.bybelgenootskap.co.za / www.biblesa.co.za. Kontak: copyright@biblesociety.co.za.

Skrifaanhalings gemerk "CAB23" is geneem uit die CAB23 Afrikaans Bible, City Bibles Netherlands. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.



Inleiding 4



Die Verlowing 6




Om God te Ken 10



Die Twee Sal Een Word – Die Versoeningsdag 14



Wat Van die Regverdige Gestorwenes? 22






INHOUDSOPGAWE




26 Die Bestemming van die wat Gesterf het




28 Die Wolk-Rekenaarbedieners



32 Die Skoonmaak van die Rekords



36 Die Man van Sonde Val Aan



40 Dra Jou Nuwe Naam

**EEN VAN DIE MOOISTE BESKRYWINGS WAT DIE BYBEL GEE VAN GOD SE VERLOSSINGSPLAN, IS DIÉ VAN 'N BRUIDEGOM, WAT CHRISTUS VERTEENWOORDIG, GETROUD MET 'N BRUID, WAT SY MENSE – DIE KERK – VERTEENWOORDIG.**

> "Draai om, o afkerige kinders," spreek die HERE; "want **Ek is met jou getroud**" (Jeremia 3:14 CAB23, skrywer se beklemtoning).

> **Want jou Maker is jou Man**; Here van die leërskare is sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die God van die hele aarde genoem word (Jesaja 54:5 AFR53, skrywer se beklemtoning).

> ... aangesien **ek julle aan een Man, aan •Christus, verbind het**, om julle as 'n rein maagd aan Hom aan te bied (2 Korintiërs 11:2, skrywer se beklemtoning).

'n Troue is 'n vreugdevolle gebeurtenis waarin twee harte in liefde, toewyding, lojaliteit en vriendskap verenig. 'n Huwelik, soos God dit ontwerp het, is nie 'n wetlike verklaring nie, maar 'n vervlegting van harte, verstande en siel in 'n groter geheel - dit is 'n heilige verbintenis

'n Goddelike huwelik bring twee intelligente wesens in 'n tipe eenheid wat menslike logika uitdaag - 'n eenheid waarin individue hul unieke identiteite behou, maar terselfdertyd, onder die krag van liefde en vertroue, funksioneer as 'n groter geheel, 'n gebonde, geïntegreerde eenheid of span, wat dieselfde waardes, beginsels, motiewe en metodes deel.

In 'n heilige huwelik verheug elke persoon hom of haar in die vooruitgang en sukses van die ander persoon en vier elke geleentheid om in die welsyn van sy of haar lewensmaat te belê. Dit is 'n wedersyds lonende sirkel van weldadigheid waarin liefde vrylik van hart tot hart vloei. In so 'n liefdevolle verbintenis brei die twee individue uit, veredel, ontwikkel en verhef hulle verder as dit wat enige persoon op sy of haar eie sou kon ervaar of bereik. In hierdie eenheid van liefde floreer mense en word hulle waarlik goddelik, en met verloop van tyd groei, verdiep en versterk hulle liefde nog verder.



> "'n Huwelik, soos God dit ontwerp het, is nie 'n wetlike verklaring nie, maar 'n vervlegting van harte, gedagtes en siel in 'n groter geheel – dit is 'n heilige verbintenis."

# DIE VERLOWING



> “Mans, julle moet julle vroue liefhê, soos ook Christus die kerk liefgehad het.”

**‘N GESONDE HUWELIK BENODIG EGTER GESONDE MENSE. ‘N MENS KAN NIE ‘N GESONDE HUWELIK HÊ MET ‘N VERNEUKER NIE, OF IEMAND WAT BELEDIGEND, DOMINEREND,** beheersugtig en uitbuitend is en deur selfsug beheer word nie. Gesonde huwelike vereis van die individue om nie net liefde in hul harte te hê nie, maar om ook betroubare, lojale, getroue mense te wees wat die beste belang van hul lewensmaat voorop in hulle harte het en wat hulself sal opoffer vir die welsyn van hul lewensmaat. En dit is waar van Christus en sy bruid. Om Christus die Bruidegom in ‘n “heilige eenheid” aan sy kerk te verbind, moet die kerk gereinig, gesuiwer en gereed gemaak word; die mense moet heilig, volwasse en betroubaar word – getrou aan hulle Bruidegom. Die apostel Paulus beskryf dit so in Efesiërs 5:25-32:

> Mans, julle moet julle vroue liefhê, soos ook **Christus die kerk** liefgehad het en Homself ter wille van haar oorgegee het, sodat Hy **haar kon heilig**, deurdat Hy **haar gereinig het** deur die was met water en die woord. Dit het Hy gedoen, **sodat Hy vir Homself die kerk in heerlikheid daar kan stel, sonder vlek of rimpel of enigiets dergeliks, heilig en sonder smet.** Net so is die mans verplig om hulle eie vroue soos hulle eie liggame lief te hê. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief. Niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie; inteendeel, hy voed en koester dit, soos **Christus sy kerk**. Ons is immers lede van sy liggaam. “Om hierdie rede sal ‘n man sy vader en moeder verlaat, en hom aan sy vrou verbind – en hulle twee sal een vlees wees.” **Hierdie geheimenis is groot; ek sê dit met verwysing na Christus en die kerk** (AFR20, skrywer se beklemtoning).

Die verlossingsplan is God se aktiewe ingryping om sondaars weer in harmonie met Hom te bring, om rebelse, onbetroubare en sonde-siek mense terug te bring na ‘n verhouding van intieme liefde en vertroue met Jesus, ‘n proses waarin Hy ons reinig van alles wat ons van Hom skei, en bring ons uiteindelik in volkome eenheid, vennootskap en eenheid van hart, verstand en siel, net soos God vir mans en vrouens ontwerp het.

Hierdie proses begin met ‘n verlowing – ‘n belofte aan mekaar, ‘n verlowing – dit is wanneer ons oorwin word tot liefde en kies om ons geloof, ons vertroue, in Jesus te plaas sodat ons sy huweliksaanbod aanvaar om permanent in die verbintenis van ewige liefde met Hom verenig te wees.

> Ek gaan My vir altyd aan jou verloof; Ek gaan My aan jou verloof, met reg en geregtigheid, met troue liefde en ontferming as bruidsprys. Ek gaan My in trou aan jou verloof, en jy sal die Here erken (Hosea 2:18, 19 AFR20).

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gestuur het om sy huweliksaanbod van ewige eenheid met Hom te maak (Joh. 3:16), om ons Bruidegom te wees, die een wat ons reinig van alles wat besoedel en ons daardeur verenig in die verbintenis van ewige liefde. God se voorstel, Sy aanbod van ewige eenheid met Hom, is vir ewig en is vir elke enkele sondige seun en dogter van Adam en Eva, maar ons moet kies om die voorstel te aanvaar en met die Bruidegom saam te werk om vir die bruilof voor te berei.

Die bekeringservaring, wanneer ons Jesus die eerste keer aanneem, is die aanvaarding van Jesus se aanbod van verlossing. Dit is om sy aanbod te aanvaar om ons te reinig en van alle sonde te genees. Dit is om "ja" te sê vir sy huweliksaanbod – om verloof te wees, verloof te raak – om ons aan Hom te verbind terwyl hy op die huweliksseremonie wag. Alhoewel dit vanselfsprekend mag lyk, is dit belangrik om hier op te let dat dit *voor* die troue is dat ons verloof is; dit is by die bruilof waar die "twee een word", waar ons vir ewig aan Christus verbind word.

By die bruilof verenig Christus, die Bruidegom, sy mense, die bruid, met Hom in hart, verstand en karakter, wat ons in volkome eenheid met Hom bring. Dit is wat Efesiërs hoofstuk vyf beskryf – Christus reinig ons, was en reinig ons in sy geregtigheid, en plaas sy lewende wet van liefde in ons harte en verstand sodat ons soos Hy is, een met Hom. Hierdie huweliksverbond word ook beskryf as die nuwe verbond:

> Die Here sê: "Die **tyd kom** dat Ek weer 'n **nuwe verbond** met Israel en Juda sal sluit. Hierdie verbond sal nie wees soos die een wat Ek met hulle voorouers gesluit het nie. Ek het hulle destyds aan die hand gevat en uit Egipte uitgelei. Hulle het my verbond verbreek, al het **Ek hulle liefgehad soos 'n man sy vrou liefhet**," sê die Here. "Maar so sal **die nuwe verbond** wees wat Ek **na hierdie tyd** met Israel sal sluit," sê die Here. "**Ek sal my wette in hulle gedagtes plant en op hulle harte skryf**. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. Dit sal nie vir hulle nodig wees om vir hulle bure of familie te sê: '**Ken die Here**, leef soos die Here van julle verwag,' nie. **Almal**, van die geringste tot die belangrikste, **sal My reeds ken**," sê die Here. "Ek sal al hulle oortredings en hulle sondes vergewe. Ek sal nooit eers weer daaraan dink nie" (Jeremia 31:31-34 NLV, skrywer se beklemtoning).

God beskryf Homself hier as ons Man; ons moet sy lojale en getroue eggenoot wees, verenig in die verbintenis van liefde, een in hart en verstand met Hom. Dit vereis dat ons sterf aan sonde (vrees en selfsug - die oorlewing-van-die-sterkste drange) en wedergebore word met harte wat God liefhet en vertrou, onsself oopstel vir God sodat Hy sy lewende wet van liefde in ons binneste wese kan skryf. Hierdie nuwe verbond is die huweliksverbond van intieme eenheid met God, waarin Christus sy bruid reinig, en word slegs deur Jesus ons hemelse Hoëpriester ervaar. Let op hoe die Nuwe-Testamentiese skrywer Jeremia se boodskap in Hebreërs herhaal:

> "**Daar kom 'n tyd**, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n **nuwe verbond** sal sluit. Dit sal anders wees as die een wat Ek met hulle voorouers gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uitgelei het uit Egipte. Hulle het nie aan my verbond getrou gebly nie; en Ek het my rug op hulle gedraai. Dít is nou die verbond wat Ek hierna met die volk Israel gaan sluit, verklaar die Here: **Ek sal my opdragte inskryf in hulle verstand en Ek sal dit in hulle harte graveer**. Ek sal hulle God wees en hulle sal mý volk wees. En hulle sal nie nodig hê om elkeen sy medeburger te onderrig en vir sy broer te sê: '**Jy moet die Here leer ken' nie. Want elkeen van hulle**, van die kleinste tot die grootste, **sal My ken**" (Hebreërs 8:8–11 NLV, skrywer se beklemtoning).







God, deur Jeremia en die skrywer van Hebreërs, beskryf dit as 'n "nuwe verbond" omdat Israel gekies het om God se aanbod te aanvaar op grond van die wet en hul persoonlike prestasie eerder as op geloof en liefde:

> Hy het die verbondsboek geneem en dit vir die volk voorgelees. Hulle het gesê: "Ons sal alles doen wat die Here beveel het en daaraan gehoorsaam wees" (Eksodus 24:7 AFR83).

'n Verhouding gebaseer op reëls, wette en wetlike betalings om teen straf te beskerm, verwyder nie vrees en verander nie harte nie, verenig nie in liefde nie, en wen nie tot ewige vertroue en lojaliteit nie; in plaas daarvan lei dit tot egbreuk en verraad:

> Het jy gesien wat die **afvallige**, **Israel**, gedoen het? Sy gaan na elke hoë heuwel, en gaan onder elke skaduryke boom in, en **daar hoereer** sy. Ek het gedink: Nadat sy al hierdie dinge gedoen het, sal sy na My terugkeer. Maar sy het nie teruggekeer nie. En die verraderlike, haar suster Juda, het dit gesien. Sy het gesien dat Ek haar suster, die afvallige, Israel, weggestuur het **omdat sy egbreuk gepleeg het**. Ek het haar skeibrief vir haar gegee. Maar die verraderlike, haar suster Juda, is nie daardeur afgeskrik nie. Ook sy het gegaan en **gehoereer**. En omdat haar hoerery so ligtelik opgeneem is, het **sy die land besoedel. Sy het met klip en hout egbreuk gepleeg** (Jeremia 3:6-9 AFR20, skrywer se beklemtoning).

Daarom het God sy Seun vir ons gestuur om ons terug te wen tot liefde en vertroue sodat Hy ons van alle sonde kan reinig, en ons met Hom kan verenig. Wanneer ons harte in liefde en vertroue aan ons Verlosser verbind is, word ons "een" met Hom.

Hierdie eenheid van liefde is wat dit beteken om te *ken* en *geken* te word.

# OM GOD TE KEN

**IN DIE SKRIF IS OM TE *KEN* NIE 'N BLOTE KOGNITIEWE BEWUSTHEID VAN FEITE NIE; DIT IS 'N INTIEME ERVARING EN VERBINTENIS MET MEKAAR. ADAM HET SY VROU *GEKEN*, EN TOE HET SY MET 'N SEUN SWANGER GEWORD (GENESIS 4:1).**

Die ewige lewe is om God te *ken* – nie net om van God te *weet* nie (Johannes 17:3). Jesus het gesê dat baie mense *van* Hom sal weet, sal beweer dat hulle sy volgelinge is, en selfs wonderwerke in sy Naam sal verrig, maar Hy sal reguit vir hulle sê: "Ek het julle nooit geken nie; gaan weg van My, julle wat ongeregtigheid doen" (Matteus 7:23 CAB23 skrywer se beklemtoning).





Die bruilof van Christus en sy bruid is die laaste gebeurtenis wat sy terugkeer voorafgaan om sy bruid vir die viering van die bruilofsmaal te ontvang. Dit beteken dat die bruilof *voor* die wederkoms plaasvind; die bruid neem *deur geloof* deel aan die bruilof, die verbintenis, om een met Jesus te word. Hierdie intieme verbintenis met God is wat dit beteken om God te *ken* en deur God *geken* te word.

> "Prys die Here! Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as koning. Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die **bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.** God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek." Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges. Toe sê die engel vir my: "Skryf op: **Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is**" (Openbaring 19:6-9 AFR83, skrywer se beklemtoning).

Daar is 'n bruilof, en dan is daar die bruilofsmaal. Die bruilof self is die vereniging in liefdevolle toewyding van hart, verstand en siel van die twee gades. Die huweliksviering volg op daardie verbintenis. Die troue is nie 'n "wetlike" gebeurtenis nie maar 'n heilige verbond van liefde en vertroue – om ons toegewyde en onwrikbare geloof in die ander te plaas.

Sommige sal dalk ongemaklik voel met die idee dat die bruilof van Christus met sy kerk voor die wederkoms plaasvind. Oorweeg egter die volgende:

- Wanneer ervaar die heiliges dat hulle harte in onwrikbare lojale liefde aan Jesus verbind word – voor of by die wederkoms?
- Wanneer ervaar die heiliges die reiniging van hul harte en verstand van vrees, selfsug, skuldgevoelens en skaamte sodat hulle in elke beproewing staande kan bly – voor of by die wederkoms?

Kom die volk van God nie voor die wederkoms in eenheid, liefde, toewyding, lojaliteit, vertroue en toewyding aan Christus en ervaar wedergeboorte met nuwe harte en die regte ingesteldheid *voor* Christus se wederkoms nie? Dit is wat die Bybel leer!

Voor Christus se wederkoms het elke persoon wat sy aanbod aanvaar het en tot bekering gekom het (verloof) hul harte vir Hom oopgemaak en sy teenwoordigheid ervaar in die geheime skuilplekke van hul binneste, waar Hy hulle reinig, suiwer en met Hom verenig (troue), sy "naam" op hulle plaas, wat die verseëling van sy volk in ewige bande van liefde met Hom aandui. Dan keer Hy terug en verheerlik sy mense en neem ons fisies in sy teenwoordigheid, waar ons die bruilofsmaal van die Lam vier.


> "Die hoogs simboliese boek stel nie voor dat Jesus met 'n lewelose stad trou nie; dit gebruik eerder die beeldspraak van 'n stad om 'n volk van elke uithoek van die aarde uit te beeld."

Net soos vrouens tradisioneel die naam van hul mans aanneem, neem ons die nuwe naam aan wat Christus ons gee:

> Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. **Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem**, wat van my God af uit die hemel uit afkom. **En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe** (Openbaring 3:12 AFR83, skrywer se beklemtoning).

By die bruilof word die heiliges van God verseël en God se naam op hulle harte en gedagtes geskryf sodat hulle vasgeanker is in hulle liefdevolle toewyding aan Hom; hulle is getrou aan hul Bruidegom en sal Hom nie verraai nie. Hulle sal nie hul liefde, toegeneentheid of self aan 'n ander vryer gee of hul Bruidegom verraai vir die plesier van hierdie wêreld of selfs om hul tydelike lewens te beskerm nie (Jakobus 4:4). Hulle is soos Job, wat, alhoewel verskriklike beproewings hom in die gesig gestaar het, nie uit sy lojaliteit en toewyding aan God geskud kon word nie en dus deur God beskryf is as " vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad" en is deur God geprys omdat hy die waarheid oor God gepraat het (Job 1:8; 42:7).

Hierdie nuwe naam wat God by die bruilof op die heiliges skryf, word ook beskryf as die Nuwe Jerusalem; inderdaad, die Bybel beskryf die Nuwe Jerusalem as Christus se bruid om ons te help om dieper insig te kry in die diepgaande misterie van Christus wat met sy bruid verenig is:







> Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. En ek het **die heilige stad, die nuwe Jerusalem**, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was **gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is.** ... Toe het een van die sewe engele wat die sewe bakke het waarin die sewe laaste plae was, gekom en met my gepraat. "Kom," het hy gesê, "ek sal jou **die bruid** wys, **die vrou van die Lam**." Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na 'n groot hoë berg toe geneem en **die heilige stad Jerusalem vir my gewys**, wat van God af uit die hemel uit afkom (Openbaring 21:1, 2, 9, 10 AFR83, skrywer se beklemtoning).

Omdat 'n huwelik die samevoeging van twee intelligente wesens in die bande van liefde en vertroue is, kan nie in Openbaring beskryf word dat Jesus met lewelose materiaal getroud is nie. Die hoogs simboliese boek stel nie voor dat Jesus met 'n lewelose stad trou nie; dit gebruik eerder die beeldspraak van 'n stad om 'n volk uit elke uithoek van die aarde uit te beeld wat karakters het wat skyn soos suiwer goud, wat leef in verheerlikte onsterflike liggame, gebind in intieme eenheid met Jesus.



# DIE TWEE SAL EEN WORD – DIE VERSOENINGSDAG

> “Die allerheiligste plek is waar die hoëpriester ‘n spesiale seremonie gehou het: die seremonie om die mense in “versoening” met God te bring, van twee wat een word.”

**DEUR DIE AFBEELDING VAN DIE NUWE JERUSALEM TE GEBRUIK OM DIE BRUID UIT TE KEN, GEE DIE BYBEL ONS NOG ‘N BELANGRIKE LEIDRAAD OM ONS TE HELP OM HIERDIE RAAISEL VAN CHRISTUS WAT SY MENSE REINIG EN DIE TWEE WAT EEN WORD, TE ONTRAFEL.**

Die Nuwe Jerusalem, wat die bruid genoem word, word struktureel in die vorm van ‘n kubus beskryf (Openbaring 21:16). Dit is die presiese vorm van die allerheiligste plek in die heiligdom (1 Konings 6:20). En terwyl ons die Nuwe Jerusalem met die allerheiligste vergelyk, ontdek ons veelvuldige God-geïnspireerde parallelle:



- Die Allerheiligste was met goud bedek; die hemelse stad is met goud geplavei. In die Skrif is goud simbolies van die reinheid van Christus, die geregtigheid en heiligheid van God se karakter van liefde.
- Die allerheiligste plek is verlig deur God se Shekinah-teenwoordigheid; die stad word deur God se ewige teenwoordigheid verlig (Openbaring 21:21, 22).
- In die allerheiligste was die verbondskas, die plek waar die verbond tot stand gebring is – die verbond van reiniging, vereniging, binding; in die stad is die heiliges, die lewende tempels in wie se harte die nuwe verbond (huweliksverbond) voltrek word.
    - Die manna was die eerste element wat in die verbondskas geplaas is en verteenwoordig die heiliges wat eerste aan die “brood uit die hemel” deelgeneem het (Joh. 6:32-35), Jesus, die lewende Woord wat vlees geword het (Joh. 1:1, 14; 6: 53–58); die waarheid soos dit in Jesus is, wen hulle om te vertrou (verlowing/bekering).
    - Die wet was die tweede item wat in die verbondskas ingegaan het; dit verteenwoordig die heiliges, eens verloof (bekeer) aan Christus, wat hulle harte vir Hom oopmaak; Hy skryf sy lewende wet van liefde in hulle harte en verstand (trou/nuwe verbond/reiniging) en vernuwe hulle in geregtigheid.
    - Aäron se staf wat gebot het, was die laaste item wat in die verbondskas gegaan het; dit verteenwoordig die heiliges wat dood was in oortreding en sonde, maar nadat hulle die aanbod(bekering) aanvaar het en die vereniging (trou/reiniging) beleef het, lewend geword het en vreedsame vrugte van geregtigheid voortbring. Dit verteenwoordig simbolies beide die wedergebore lewe wat Christelike vrugte voortbring en ook die verheerliking van diegene wat met Christus getroud is en ewig in liefdevolle eenheid met die Here vrugbare lewens leef.
- Die allerheiligste plek is waar die hoëpriester ‘n spesiale seremonie gehou het: die versoeningseremonie; die seremonie van reiniging; die seremonie om sonde weg te was en die mense (bruid) te reinig; die seremonie om die mense in “versoening” met God te bring, van twee wat een word. Met ander woorde, dit was ‘n huwelikseremonie! En hierdie seremonie het plaasgevind aan die einde van die jaarlikse siklus van feeste, reg voor die Huttefees; d.w.s. onder een dak verkeer of saamwoon met God.





Die Ou-Testamentiese seremoniële stelsel het geen direkte vermoë gehad om te red nie; redding word slegs gevind in Jesus, wat die "Lam is wat geslag is van die skepping van die wêreld af" (Openbaring 13:8 AFR83). Die seremoniële stelsel is bygevoeg, of gegee, om mense na Christus te lei en God se plan te leer om sondaars te red (Galasiërs 3:19). Beide die Ou en Nuwe Testament maak dit duidelik:

- "'Wat het Ek aan julle baie offers?' vra die Here. 'Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van voerbeeste; die bloed van bulle en lammers en bokke staan My nie aan nie. ... Was julle, reinig julle. Moenie voor My verskyn as julle verkeerd doen nie. Hou op met kwaad doen. Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees'" (Jesaja 1:11, 16, 17 AFR83).
- "Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers" (Hosea 6:6 AFR53).
- Dit alles wys vooruit na die huidige tyd waarin offergawes en diereoffers gebring word **wat nie vir dié een wat dit bring, 'n volkome skoon gewete kan gee nie.** Dit het net betrekking op voedsel, drank en 'n verskeidenheid reinigingsgebruike. Dit is voorskrifte wat slegs die uiterlike raak en wat opgelê is tot die tyd dat God 'n beter orde sou instel. ... Maar nou herinner die offers juis jaar na jaar aan die sondes, omdat **die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem** (Hebreërs 9:9, 10; 10:3, 4 AFR83, skrywer se beklemtoning).

Die doel van die seremoniële stelsel was om die verlossingsplan te leer, om die werklikheid van Jesus te leer. In daardie simboliese stelsel was daar sewe jaarlikse feeste wat soos 'n teaterstuk was en bedoel was om te illustreer, om sondige mense te leer van God se reddingsplan vanaf die val van Adam tot by die aarde wat nuut gemaak is. Elkeen van die sewe groot feeste het 'n werklike vervulling gehad en het 'n gedeelte van die menslike geskiedenis gedek vanaf Adam se val tot by die aarde wat nuut gemaak is:

- **Pasga:** Die eerste fees in die jaarlikse siklus was die Pasga. Nadat Adam en Eva gesondig het, het God hulle sondes "oorgesien". Hy het "die sondes ongestraf laat bly ... wat tevore gedoen is" (Romeine 3:25 AFR53) en 'n Paaslam belowe wat "die sonde van die wêreld wegneem" (Joh. 1:29 AFR53). Hierdie fees het sy vervulling in Jesus gehad – die Paaslam, wat op Pasga Vrydag gekruisig is. Die tyd in die menslike geskiedenis wat deur hierdie fees gedek is, was vanaf Adam se sonde tot by Christus se dood aan die kruis.
- **Ongesuurde Brode:** Hierdie fees was gelyktydig met die Pasga en simboliseer dat na Adam se sonde, God dadelik begin het om waarheid onvermeng met dwaling uit te deel (gesimboliseer deur die ongesuurde brode) om sy kinders te versorg en te voed. Die bitter kruie verteenwoordig die bitterheid wat deur sonde veroorsaak word, wat deel van die mens se lewe geword het. Beide die Lam wat geslag is en die brood sonder suurdeeg verteenwoordig Christus, die bron van waarheid en genesing vir die sondige mensdom.
  Hierdie paasmaaltyd is geëet voordat die doodsengel gekom het, wat simboliseer dat God vooraf bepaal het om ons oortreding te "pasga" en 'n geneesmiddel te voorsien om ons te red en van ons terminale sondetoestand te genees. Jesus is ons middel; Hy is die Lam wat geslag is van die grondlegging van die wêreld af (Openbaring 13:8).
  Die Fees van Ongesuurde Brode het die verinnerliking van die waarheid oor God soos deur Christus voorsien, gesimboliseer. Die tydperk wat in die Fees van Ongesuurde Brode verteenwoordig word, is vanaf Adam se val tot en met die kruisiging van Christus. Hierdie fees is vervang met die nagmaaldiens om die offer van Christus na die kruisiging te herdenk en om die voortdurende noodsaaklikheid van die deelname aan Jesus om gered te word, te verteenwoordig.
- **Die Koringfees:** Dit was ook simbolies van Christus, wat die sondelose eerste vrug is wat uit die dood opgewek is. Net soos die koring in die grond begrawe word, simbolies sterf, en in nuwe lewe na vore kom, so is Christus ook in die grond begrawe en het Hy in 'n nuwe lewe na vore gekom en baie regverdiges saam met Hom voortgebring. Die tydraamwerk wat deur hierdie seremonie verteenwoordig is, was vanaf die tyd van Christus se opstanding tot Pinkster – die tyd wat Jesus en diegene wat saam met Hom opgewek is, persoonlik in Jerusalem getuig het (Matteus 27:52, 53).
- **Fees van Weke (Pinkster):** Die waarheid versprei en skiet wortel in baie harte en 'n oes word ervaar. Dit is tweeduisend jaar gelede gedurende Pinkster vervul, toe die Heilige Gees op daardie gelowiges van die vroeë kerk gekom het en die waarheid oor God deur die bekende wêreld versprei het. Die tydraamwerk wat gedek word, is vanaf 31 n.C. (Pinkster) tot die negentiende eeu.
- **Trompette:** 'n Spesiale boodskap vir die eindtyd wat die eindtydse kerk (gesimboliseer deur die tien maagde in Christus se gelykenis) uit hulle sluimering moet wakker maak en Jesus, die Bruidegom, moet aankondig, kom binnekort. Berei voor! Maak reg! Christus kom binnekort terug! Hierdie basuin is om die mense op te roep na die bruilof van Christus, die Bruidegom, met sy bruid, die Kerk. Dit het plaasgevind tydens die Groot Ontwaking in die negentiende eeu.
- **Versoening:** Versoening is die tyd onmiddellik voor die wederkoms van Christus, wanneer die Bruidegom die reiniging van sy bruid finaal afrond, haar met Hom laat trou, haar reinig in volkome harmonie van hart, verstand, motief, metode en karakter met Hom, want "ons weet, ... dat wanneer Hy verskyn, ons soos Hy sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is" (1 Johannes 3:2 AFR20). Dit is die tyd waarin ons vandag leef!
- **Tabernakels:** Hierdie fees was simbolies die tyd ná die bruilof (twee word een), wanneer die heiliges by God tabernakel (woon), weg van die wêreld van sonde op die aarde wat nuut gemaak is. Dit is die bruilofsmaal van die Lam.

Net soos die Ou-Testamentiese Paasfees ‘n ware en letterlike vervulling gehad het toe Jesus as ons Paaslam op Pasga Vrydag gesterf het, so is daar ook ‘n werklike en letterlike reiniging, vereniging, verbintenis en versoening van die Bruidegom en sy bruid wat die wederkoms voorafgaan. Ons leef nou in daardie tyd!

Net soos Paulus in Efesiërs hoofstuk vyf beskryf het, reinig Jesus sy bruid om sy volk met Hom te versoen. Dit is die bruilof van die Lam, wanneer Jesus haar van alle besoedeling reinig en haar in die wit klere van sy geregtigheid beklee – die twee word een. Hierdie reinigingswerk is die funksie van ons hemelse Hoëpriester en is simbolies uitgevoer tydens die Versoendag-seremonie. Wanneer Jesus klaar sy volk (bruid) van sonde gereinig het, is ons dan in staat om in sy teenwoordigheid te staan sonder enige verdere “bemiddelingswerk” deur Jesus, want Hy het ons herstel tot eenheid met Hom en die Vader.

Maleagi beskryf ook hierdie reiniging van sy tempel (mense) voor sy wederkoms:

> Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die pad voor My gereedmaak. **Die Here na wie julle soek, sal skielik na sy tempel toe kom. Die boodskapper van die verbond** na wie julle so uitsien, kom beslis. Maar wie sal die dag van sy koms kan deurstaan? Wie sal kan standhou wanneer Hy verskyn? Hy sal wees soos vuur wat metaal suiwer of soos seep wat klere spierwit was. Hy sal gaan sit en oordeel soos iemand wat silwer smelt en suiwer maak. **Hy sal die Leviete suiwer** en hulle soos goud en silwer louter (Maleagi 3:1–3 NLV, skrywer se beklemtoning).

Voor sy verskyning in heerlikheid,




gaan Jesus na sy tempel om die heilige verbond uit te voer om sy volk in ewige eensgesindheid met Hom te verenig deur hulle, die priesterskap van gelowiges, van alle sonde, vrees, selfsug en tekortkominge te reinig, sy lewende wet van liefde in hulle harte en verstand te skryf, en hulle aan Hom te verseël sodat hulle vir ewig een met Hom is. Dit is die herstel van die koninkryk van God in ons (Lukas 17:21). Dit is Christus wat sy koninkryk ontvang (Daniël 7:13) – dit is die ontvangs, reiniging en aansluiting van Homself by sy bruid; dit is die bruilof van die Lam.

*Die reiniging van die bruid en die reiniging van die heiligdom beskryf dieselfde gebeurtenis.* Jesus is nou in die hemel besig om die harte en verstande van diegene wat geloof in Hom beoefen het (sy aanbod aanvaar)

> “*Jesus is nou in die hemel besig om die harte en verstande van diegene wat geloof in Hom beoefen het, volkome te genees.*”

volkome te genees sodat ons, wanneer Hy terugkeer, in sy teenwoordigheid kan staan en Hom van aangesig tot aangesig kan sien (1 Joh. 3:2). Ons wat op die aarde lewe, werk saam met Hom vir die genesing en reiniging van ons verstand, harte en karakters om onsself vir sy wederkoms gereed te maak:

> “Prys die Here! Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as koning. Laat ons bly wees en juig en **aan Hom die eer gee**, want die **bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak**. God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.” Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges. Toe sê die engel vir my: “Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is” (Openbaring 19:6-9 AFR83, skrywer se beklemtoning).



> “Die bruilofsmaal van die Lam is die viering en fees wat die gereddes ná die wederkoms ervaar, wanneer die sterflikes onsterflikheid aantrek en ons weer in sy fisiese teenwoordigheid is.”

Hierdie bruilof is die intieme vereniging van die harte en gedagtes van die mense met Jesus, die finale reiniging van hulle karakters, wat hulle met Jesus versoen, wat *voor* sy verskyning plaasvind; dit berei ons voor om in sy heerlike teenwoordigheid te staan. Die bruilofsmaal van die Lam is die viering en fees wat die gereddes *ná* die wederkoms ervaar, wanneer die sterflikes onsterflikheid aantrek en ons weer in sy fisiese teenwoordigheid is.

Ons sal fisies by die bruilofsmaal, die viering, teenwoordig wees. Die troue self vind egter voor die viering plaas. Die troue is wanneer die verloofdes in volkome eenheid saamgevoeg word en een word. Dus, die bruilof is die finale reiniging van harte en gedagtes van sonde, die suiwering van karakter, die innerlike herstel van die geregtigheid van Christus, die skryf van sy wet in ons binneste, wat ons met ons Verlosser verenig. Die troue vind *nou* plaas, en die bruid – ek en jy – moet ons gereed maak deur geloof, deur Jesus in liefdevolle vertroue te volg en sy metodes en beginsels vandag uit te leef

Dit is alles simbolies geleer toe die hoëpriester, wat Christus verteenwoordig het, die heiligste plek op die Versoendag binnegegaan het met die bloed van die offerdier, wat die sondelose lewe van Jesus voorstel wat skoonmaak en reinig, en dit sewe keer bo die deksel[1] gesprinkel het. Hierdie besprinkeling verteenwoordig die finale toepassing van die volmaakte regverdige lewe van Jesus wat gereproduseer, aangebring en “beseël” word in die karakters van diegene wat hulle vertroue in Jesus geplaas het. Terwyl ‘n paar individue reeds hierdie volle genesing ervaar het (Henog, Moses, Elia) en voorbeelde vir ons is van wat ons sal ervaar as ons ook op God vertrou en wandel soos hulle gedoen het, simboliseer die Groot Versoendag-fees die finale wêreldwye reiniging van elke persoon wat sy of haar geloof in God geplaas het.

[1] Die lewe is die bloed, volgens Levitikus 17:11.

# WAT VAN die REGVERDIGE GESTORWENES?

> “Dit is wat gebeur wanneer ons wedergebore word in ‘n vertrouensverhouding met Jesus; ons is nie dieselfde ou sondige mens nie maar ‘n nuwe mens.”



**NATUURLIK MAG SOMMIGE WONDER OOR DIE MILJOENE GETROUE MENSE WAT DEUR DIE GESKIEDENIS GESTERF HET VOOR HIERDIE TYD VAN VERSOENING. WAT VAN HULLE?**
Is hulle nie reeds gereinig nie? Is hulle nie reeds met Jesus getroud nie? Sommige Christelike tradisies, wat leer dat die dooies by Jesus is op die oomblik van hul dood, mag dalk vra: Sou die regverdige dooies nie hierdie reiniging, vereniging, versoening met Jesus ervaar het ten tyde van hul dood, toe hulle na die hemel geneem is nie. ? Is daar werklik enige behoefte aan hierdie reiniging in die eindtyd, voor die wederkoms?

Dit is waar die Bybel nog ‘n pragtige waarheid openbaar. Die kerk – die volk van God, die bruid van Christus, die Nuwe Jerusalem, die allerheiligste plek waar God woon – word ook beskryf as die berg Sion, en dit is die plek waar die “name” van die regverdiges geskryf is:


> Maar julle het wel gekom by **Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem** met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms, die vergadering van die eersgeborenes wie se **name in die hemel opgeteken is** (Hebreërs 12:22, 23 AFR83, skrywer se beklemtoning).

In die Bybel verteenwoordig name karakter, ons individualiteit, ons unieke persoonlikheid. Toe Jakob, wie se naam “bedrieër” beteken, ten volle tot bekering gekom het en, in sy eenheid met God, oorwinning oor sy vrees en selfsug ervaar het, is sy naam verander na Israel, “een wat met God oorwin”. Jakob het ‘n “nuwe mens” geword en het dus ‘n nuwe naam ontvang wat verteenwoordigend was van sy nuwe veranderde hart. Dit is wat gebeur wanneer ons wedergebore word in ‘n vertrouensverhouding met Jesus; ons is nie dieselfde ou sondige mens nie maar ‘n nuwe mens in ‘n liefdevolle vertrouensverhouding met Jesus en dus kry ons ‘n nuwe naam, wat in die hemel geregistreer is.

Die registrasie van ons name in die hemel vind plaas wanneer ons tot Christus bekeer (verloof) word. In die Ou Testament is dit voorgestel deur die sondoffer, wanneer die sondaar sondes op die kop van die offerdier bely het, dan is die bloed van daardie dier op die verskillende punte van die heiligdom toegedien. Hierdie toediening van die bloed in die heiligdom het die hele jaar deur gebeur en simboliseer al die mense deur die menslike geskiedenis wat hul geloof in Jesus geplaas het, met hul name geregistreer in die stelsel (Die Lam se Boek van die Lewe, Filippense 4:3) as die aanvaarding van die verlowing, in afwagting van die dag van volle reiniging, die troue, wanneer die twee een word – gesimboliseer deur die Versoendag-seremonie.

Jesus sê vir ons dat Hy die *name* van diegene wat beide aan Hom verloof is *en aan Hom getrou bly*, nooit uit die boek van die lewe sal uitwis nie, maar hulle spierwit sal aantrek (Openbaring 3:5). Die aantrek in wit klere is 'n simboliese manier om te sê die vuil klere van sonde is verwyder en ons is gereinig met die regverdige karakter van Christus (Sagaria 3:3-5), wat dieselfde is as die reiniging van die kerk, of die reiniging van die heiligdom, of bring ons in versoening, die bruilof. En hierdie reiniging van diegene wat in die Lam se Boek van die Lewe geregistreer is, vind voor die wederkoms plaas.

So, weereens, wat van diegene wat deur die geskiedenis gesterf het? Is hierdie seremonie vir hulle, of is dit net vir diegene wat ten tyde van sy wederkoms op die aarde woon?



> "Hy sal nooit hulle name uit die boek van die lewe uitwis nie, maar sal hulle in spierwit aantrek."



# DIE BESTEMMING van DIE WAT GESTERF HET

**WAT LEER DIE BYBEL OOR WAT MET MENSE GEBEUR WANNEER HULLE STERF? KEER HULLE TERUG NA STOF? GAAN HULLE NA GOD TOE? GAAN HULLE HEMEL TOE? OF DOEN HULLE AL DRIE?**

Volgens die Bybel is mense drieledig, saamgestel uit drie dele:

> En die God van vrede sal julle volkome heilig maak; en ek bid God dat julle **gees** en **siel** en **liggaam** geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus (1 Tessalonisense 5:23 CAB23, skrywer se beklemtoning).

Is dit moontlik dat een deel van 'n mens na die dood terugkeer na stof, een deel na God toe gaan en een deel hemel toe?

Interessant genoeg is rekenaars ook drieledig en dien as 'n aangrypende vergelyking. Om 'n **operasionele rekenaar** te hê, benodig 'n mens **hardeware**, **sagteware** en 'n **energiebron.** Om net een of twee van hierdie drie te hê, sal lei tot 'n rekenaar wat nie sal werk nie. Al drie is nodig om dit werklik te laat funksioneer.

Op 'n soortgelyke manier, om 'n **operasionele** (funksionele) **mens** te hê, vereis dit al drie komponente – **liggaam**, **siel** en **gees**:

- Die Griekse woord vir **liggaam** is σῶμα [*soma*] en is gelyksoortig aan 'n rekenaar se **hardeware**, **insluitend die SKE** (Engels: CPU) – die fisiese masjien, insluitend ons brein.

- Die Griekse woord vir **siel** is ψυχή [*psuche*], waaruit ons psige kry, soos in *psig*iatrie en *psig*ologie (sielkunde), en dit beteken ons individualiteit – ons hart, unieke persoonlikheid, karakter, identiteit.[2] Dit is soortgelyk aan 'n rekenaar se **sagteware** (insluitend databasis/datastelle/data).

- En die Griekse woord vir **gees** is πνεῦμα [*pneuma*], waarvan ons *pneu*nomie (longontsteking) of *pneu*maties kry, en dit beteken wind, lug of asem – soos in die asem van die lewe. Dit is ons **energiebron** – die lewensenergie wat van af God kom.

Wanneer 'n rekenaar se krag opraak, in watter toestand gaan dit? Dit "slaap". Dit is presies hoe die Bybel diegene beskryf wat die eerste dood sterf: Hulle "slaap" en wag op die opstanding (Psalm 7:5, 13:3; Matteus 9:24; Johannes 11:12, 13; 1 Tessalonisense 4:13). Met dit in gedagte, kan ons nou vasstel wat werklik met die verskillende komponente van 'n mens by die dood gebeur.

By die eerste dood gebeur die volgende:

- Die liggaam keer terug na stof (Genesis 3:19, Psalm 44:25, Prediker 3:20);
- Die gees – lewensenergie – keer terug na God wat die asem van die lewe gegee het (Prediker 12:7);
- Maar wat van die siel (*psuche*/psige) – die individualiteit, die sagteware? Waar gaan dit heen?

> *"Dit is presies hoe die Bybel diegene beskryf wat die eerste dood sterf: Hulle "slaap" en wag op die opstanding."*

[2] Die gebruik van die term *siel* kan verwarrend wees, want soms verwys die term siel na die hele lewende wese. Wanneer iemand 'n SOS (Engels: "save our souls" – red ons siele) uitstuur, roep hulle dat hul hele lewende self gered moet word. Hier is die siel, soos 1 Tessalonisense 5:23 daarna verwys, egter nie die hele lewende persoon nie, maar een (die *psuche*/individualiteit) van die drie komponente waaruit die hele mens bestaan.

# DIE WOLK-REKENAARBEDIENERS

> "Wanneer ons liggame sterf en tot stof verval, keer die lewensasem terug na God, en ons siele/individualiteite word veilig op die hemelse 'bedieners' in die teenwoordigheid van die Here gestoor."


**WANNEER IEMAND JOU SKOOTREKENAAR GESTEEL HET EN DREIG OM DIT TE VERNIETIG, MAAR JY HET 'N PERFEKTE KOPIE VAN DIE DATA WAT OP 'N WOLK-BEDIENER GERUGSTEUN IS, KAN JY SÊ: "EK IS NIE BANG VIR DIE EEN WAT MY** skootrekenaar (hardeware/liggaam/soma) kan vernietig maar nie die sagteware [siel/*psuche*] kan vernietig nie." Dit is soos wat Jesus in Matteus 10:28 beskryf het toe Hy gepraat het oor diegene wat ons weens ons geloof in Hom kan doodmaak.

Waarom kan die doodmaak van die liggaam nie die siel vernietig nie? Omdat die siel ons individualiteit is, ons unieke persoonlikheid, en dit verskil van die liggaam. Die vraag is, *waarheen gaan die siel as dit afwesig van die liggaam is*? Die apostel Paulus antwoord:

> Daarom is ons altyd vol vertroue, omdat ons weet dat, terwyl ons in die liggaam tuis is, ons van die Here afwesig is. (Want ons wandel deur geloof, nie deur aanskouing nie) Ons is vol vertroue, sê ek, en ons is liewer gewillig om van die **liggaam afwesig te wees en by die Here teenwoordig te wees** (2 Korintiërs 5:6-8 CAB23, skrywer se beklemtoning).

Maar waar sou ons siele/individualiteite/sagteware in die hemel gestoor word? Sou dit nie in die hemelse rekords wees nie – die Lam se Boek van die Lewe ("bedieners"), waar ons *name/karakters* opgeteken is nie? As iemand jou skootrekenaar vernietig, maar jou data was veilig op 'n wolkbediener, sou die data nie aktief en operasioneel wees nie, maar dormant – wagtend op aflaai na nuwe hardeware. Net so, wanneer ons liggame sterf en tot stof verval, keer die lewensasem terug na God, en ons siele/individualiteite word veilig op die hemelse "bedieners" in die teenwoordigheid van die Here gestoor, in watter toestand is hulle? Hulle is aan die slaap/dormant/passief en wag op aflaai in nuwe liggame (hardeware) by die opstanding..






Paulus beskryf hierdie einste proses briljant:

> Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die **ontslapenes** nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan **sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.** Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en **die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.** Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees (1 Thessalonians 4:13–18 AFR53, skrywer se beklemtoning).

Het jy opgelet dat dieselfde regverdige ontslapenes wat uit die grond opstaan ook saam met Christus uit die hemel neerdaal – en dat beskryf word dat hulle in 'n toestand van slaap uit die hemel kom? Hoe kan dit wees? Omdat hulle siele/individualiteite/sagteware, wat op die hemelse "bedieners" gestoor is, saam met Christus afkom om tydens die opstanding by die wederkoms in hulle nuwe onsterflike liggame afgelaai te word! Jesus, die bouer van ons drieledige wesens, het dit verstaan en verkondig:

> Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie (Joh. 11: 25, 26 AFR83).

Die regverdiges mag *slaap*, maar hulle *sterf* nooit nie. Hulle individualiteite is veilig by Christus in die hemel![3]



[3] Hierdie tydskrif hanteer nie die lot van *onberouvolle goddeloses* nie. Niks in hierdie tydskrif praat oor die sterflikheid of onsterflikheid van die siel nie – dit is 'n ander bespreking. Dit is egter die skrywer se standpunt dat die siel sterflik is en onsterflikheid 'n gawe van God vir die gereddes is (kyk Romeine 6:23).

# DIE SKOONMAAK van DIE REKORDS



**WAT HET DIE HEMELSE REKORDS (INDIVIDUALITEITE GESTOOR OP "BEDIENERS") DUS TE DOEN MET DIE TROUE, DIE REINIGING VAN DIE BRUID, EN DIE VERWYDERING VAN SONDE UIT DIE HEILIGDOM IN DIE HEMEL?**

Wanneer Jesus die regverdiges by die eerste opstanding opwek, sal hulle gebrekkig en sondig opstaan – of volmaak en sondeloos? Natuurlik volmaak en sondeloos. Maar het al die geреddes wat deur die geskiedenis gesterf het in sondelose volmaaktheid gesterf – of het hulle gesterf as sondaars wat in *liefde en vertroue aan Jesus verloof was*, maar steeds met gebreke in hul lewens gesukkel het? Hierdie geredde mense het gesterf in vertroue op Jesus, maar is nie heeltemal gereinig, met Jesus getroud, of versoen met Jesus in die volste intimiteit van hulle wese nie. Hulle het steeds oorblywende defekte of gewoontes gehad wat nie verwyder is nie.

Sal hulle opstaan met dieselfde gebreke? Sal die dief aan die kruis, wat verlossing in Christus gevind het, opstaan met die hart van 'n dief wat verlang om te steel? Sal die groot hervormer Martin Luther, bekend vir sy haat teenoor die Jode, opstaan en die Jode haat en smag om hulle dood te maak? Nee! Die regverdiges staan in sondelose volmaaktheid op.

Daarom moet iets in hierdie geredde siele gebeur *voor* die opstanding sodat op die oomblik van opstanding, hul vorige bose gewoontes, selfsugtige geaardheid, verslawende neigings en begeerlikhede weg sal wees. Sal al hierdie oorblyfsels van sonde nie verwyder moet word sodat Christus se bruid rein, in wit geklee en gereed is om in God se fisiese teenwoordigheid te staan nie?

Ons kan hierdie proses beskryf as reiniging, verwydering van sondes, verenig wees as een met Christus, of 'n bruilof. En van waar word hierdie oorblyfsels van sonde verwyder? Van die individualiteite/siele van die mense wat op Jesus vertrou het. Hulle ontvang van Jesus *sy* volmaaktheid (simbolies voorgestel in die Versoendag-seremonie as die besprinkeling van bloed sewe keer) sodat wanneer hulle opstaan, hulle volmaak opstaan!

Hierdie reiniging van die individualiteite/siele van die dooies word in Openbaring beskryf, met behulp van pragtige simboliek oor die heiligdom:

> Toe die Lam die vyfde seël oopbreek, het ek aan die voet van die altaar [in die heiligdom] die siele [individualiteite] gesien van hulle wat doodgemartel is oor die boodskap van God en die getuienis wat hulle gelewer het. Hulle het met 'n kragtige stem uitgeroep: "Hoe lank, o heilige en betroubare Heer, gaan U nog wag voordat U die oordeel voltrek en ons bloed op die bewoners van die aarde wreek?" Aan elkeen van hulle is toe 'n lang wit kleed [reiniging van hulle karakters op daardie tyd] gegee, en hulle is aangesê om nog 'n klein rukkie te rus, tot die tyd aanbreek dat hulle medediensknegte en medegelowiges, wat net soos hulle ook doodgemartel gaan word, voltallig is [reiniging van die lewendes op aarde; kyk Maleagi 3:1-3] (Openbaring 6:9-11 NLV).

Ons kan dus die proses van die verwydering van sondes beskryf as beide die reiniging van die heiligdom en die reiniging van die bruid van Christus. Ons kan sê:

*Jesus, ons hemelse Hoëpriester (Bruidegom), is besig om noukeurig na elke individuele rekord te kyk en te ontleed, en vir almal wat hulle vertroue in Hom gestel het, die sondes van hulle rekenings/individualiteit te verwyder.*

In moderne taal beteken dit:

*Hy ondersoek in besonderhede die gestoorde data waaruit elke mens bestaan, en vir diegene wat hulle vertroue in Hom stel, korrigeer Hy alle beskadigde kodes – verwyder alle elemente van selfsug, alle neigings tot sonde, en skryf sy volmaaktheid daarin!*

Hierdie reiniging is uitgevoer op die Versoendag, en dit is wat die heiliges bely dat Jesus vir hulle gedoen het (kyk Levitikus 16:14; Openbaring 1:5). Dit is hoekom, in die seremoniële stelsel, die wet in die ark was in die allerheiligste, waar versoening plaasvind – maar in die nuwe verbond skryf ons Hoëpriester die wet in die harte en gedagtes van die gereddes (kyk Hebreërs 8:10).

Dit is by die troue waar die twee een word. Op hierdie tydstip in die geskiedenis, onmiddellik voor Christus se wederkoms, voltooi Hy, ons Bruidegom, sy reiniging van sy bruid en verwyder Hy van haar alle oorblywende gebreke uit die siel/databasis van elke individu (diegene wat gesterf het met vertroue op Hom, sowel as die lewendes wat op Hom vertrou), sodat elke heilige by die opstanding in totale volmaaktheid van verstand, liggaam en gees sal opstaan.

Hy is egter in staat om dit te doen slegs vir diegene wat Hom die sleutel tot hul harte/siele/databasisse gegee het – diegene wat voor hul slaapdood vertroue in Hom uitgeoefen het. Dit gee Hom die vryheid om toegang te verkry tot alle oorblywende spore van sonde van die gestoorde individualiteite van diegene wat hulle vertroue in Hom gestel het, en dit reg te maak. Maar vir diegene wat in hierdie lewe nooit hul harte in vertroue vir Hom oopgemaak het nie – en Hom ingenooi het nie – kan Hy niks doen nie. Hy kan nie vertroue en liefde in hul karakter skryf nie; Hy kan gebreke verwyder slegs uit die karakters van diegene wat wel vertrou en liefhet. Vertroue en liefde moet deur die individu gekies en ontwikkel word terwyl hy of sy lewe.

Stel jou die volgende scenario voor: Jy vertrou jou dokter, en terwyl jy slaap (onder narkose), doen jou dokter 'n operasie om kankerselle uit jou liggaam te verwyder. Maar wat as 'n dokter 'n operasie op jou gedoen het wat jy nooit wou hê nie, sonder jou toestemming of teen jou wil? Dit is 'n vergelyking wat illustreer waarom Jesus nie die datastelle/karakters kan regmaak van diegene wat Hom nie vertrou nie. Dit sou God se karakter van liefde, wat opregte vryheid vereis, skend; dit sou die vrye wil van die individuele sondaar skend. As God hulle vrywillige keuses verander en dan sonder hulle toestemming sy ontwerp op hulle afgedwing het, sou die individualiteit wat hulle ontwikkel het terwyl hulle lewend was, vernietig word, en 'n nuwe mens sou in hulle plek geskep word. Slegs diegene wat op Jesus







vertrou en smag na oorwinning oor hulle swakhede en swakhede van karakter, en *Hom in hulle harte innooi* terwyl hulle lewe, ervaar dus sy werk van vervolmaking terwyl hulle slaap

Tydens die bruilof word die harte en gedagtes van God se mense, dié wat slaap of lewe, ondersoek en van sondigheid gereinig, wat hulle permanent verseël in eenheid met Jesus om hulle voor te berei om Hom van aangesig tot aangesig te ontmoet.

Sekerlik, sodra 'n mens die verlowing van Jesus aanvaar en tot bekering kom, begin die proses van genesing, rypwording en reiniging vir daardie individu. Tog word die reiniging, die kom tot 'n vaste en permanente eenheid met God, vir baie nie in hierdie lewe voltooi nie, behalwe vir 'n paar Bybelhelde, soos Henog en Elia. Daarom, net voor die wederkoms, is hierdie finale werk nodig om die lewendes voor te berei om gereed te wees om in sy heerlike teenwoordigheid te staan en na die hemel gevoer te word, net soos Henog en Elia was.


Maar hoekom wag tot nou om hierdie finale werk te doen?

> *"As God hulle vrywillige keuses verander en dan sonder hulle toestemming sy ontwerp op hulle afgedwing het, sou die individualiteit wat hulle ontwikkel het terwyl hulle lewend was, vernietig word."*

# DIE MAN van SONDE VAL AAN

> "Satan het 'n teenaanval geloods deur die Christelike kerk met sy leuens oor God te besmet en sy eie vorstelike Romeinse vervalsing vir die genesingswerk van Christus te skep."

**'N ONEINDIGE GOD SOU SEKERLIK INDIVIDUALITEITE (DATASTELLE) ONMIDDELLIK KON REGSTEL; SO DIE WAG TOT NOU, WAS NIE OM GENOEG TYD TOE TE LAAT VIR JESUS** om die rekords van die afgestorwenes skoon te maak nie. Om tot hierdie tyd te wag, was eerder sodat al die lewende heiliges wêreldwyd verby die verlowing kon gaan tot by versoening met Jesus – om net soos Elia en Henog te trou, genees en verseël te word. Die bereiking hiervan op 'n wêreldwye grondslag vir elke lewende persoon wat op Jesus vertrou, het die herstel van voldoende Bybelwaarheid vereis om mense te bevry van die leuens wat Satan in die kerk ingebring het.



Ná Christus se oorwinning tweeduisend jaar gelede, het Satan 'n teenaanval geloods deur die Christelike kerk met sy leuens oor God te besmet en sy eie vorstelike Romeinse vervalsing vir die genesingswerk van Christus te skep. God het vooraf geweet dat dit sou gebeur en sy volk gewaarsku:

> En nou, broers, wat betref die **wederkoms van ons Here Jesus Christus en ons hereniging met Hom** [keer terug om ons vir die bruilofsmaal te versamel, wat ná die troue plaasvind], het ek 'n ernstige versoek aan julle: Moenie so gou verward raak of van stryk gebring word as iemand vir julle sou sê die dag van die Here is al hier nie – of dit nou vir julle gesê word in 'n profetiese uitspraak of in 'n preek of in 'n brief wat sogenaamd van ons afkomstig sou wees. Laat niemand julle op watter manier ook al mislei nie. **Die dag van die Here sal nie aanbreek voordat die laaste afvalligheid gekom het** en die **wettelose mens** wat vir die verderf bestem is, sy verskyning gemaak het nie. Hy sal hom verset teen al wat God genoem word of wat as heilig vereer word, en hy sal hom bo hulle verhef. **Hy sal selfs in die tempel van God gaan sit en voorgee dat hy God is** (2 Tessalonisense 2:1-4 AFR83, skrywer se beklemtoning).

Satan het 'n teenaanval teen Jesus se oorwinning geloods deur "wetteloosheid" in Christelike denke in te voer; hy het dit gedoen deur die wette van God te verruil vir die wette van mense. God is die Skepper, die bouer van alles – ruimte, tyd, energie, materie en lewe. God se wette is die protokolle waarop die werklikheid gebou is om te werk – die wet van swaartekrag, wette van fisika, wette van gesondheid en morele wette. Lewe en gesondheid is slegs moontlik in harmonie met God en al sy wetsontwerpe vir die lewe. Die verbreking van God se wette verbreek die verbintenis met God en neem 'n mens uit harmonie met die grondslag van die lewe, en die natuurlike gevolg – as God nie optree om te genees en te red nie – is die dood:

- "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here" (Romeine 6:23 AFR83).
- "Wanneer die sonde volgroei is, gee dit geboorte aan die dood" (Jakobus 1:15 AFR20).
- "Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes" (Galasiërs 6:8 AFR83).

Die plan van verlossing – die nuwe verbond, die versoening, die bruilof – is dus om God se lewende wet te herstel en terug te skryf in die diepste holtes van die harte en verstande van diegene wat Jesus vertrou (Hebreërs 8:10).

Maar Satan se man van sonde het "wetteloosheid" ingebring deur die leuen in die Christendom in te bring dat God se wet nie anders funksioneer as die reëls wat sondige mense opmaak nie, die leuen dat God se wet soos die Romeinse wet is, opgelegde reëls wat die oplegging van straf deur die regerende gesag vereis. Hierdie idee het die Christelike begrip van sonde as 'n terminale toestand waaruit mense ons liefdevolle Verlosser nodig het om ons te reinig en te genees verander in 'n wetlike probleem met 'n god wat ons sal doodmaak as iets nie aan daardie god gedoen word om sy toorn weg te neem nie – of skep 'n wettige skuiwergat sodat daar nie van hom vereis word om ons dood te maak nie.

Met ander woorde, die Christendom het verander in 'n godsdiens wat vereis het dat offers aan 'n beledigde god gemaak moes word om daardie god vir ons sondes te betaal sodat die god ons nie doodmaak nie. Dit is Satan se siening van God en, deur hierdie valsheid oor God se wet, het hy in die geestelike tempel op die troon gekom en homself as God verkondig. Gevolglik is die wêreld in die Donker Middeleeue gedompel, toe duisternis oor God die mense bedek het (Jesaja 60:2).


Net soos ons in Maleagi 3:1–3 gesien het, as gevolg van die teenaanval van Satan se man van sonde, moet Jesus, voordat Hy in sy heerlikheid verskyn, eers na sy tempel kom om die mense te reinig sodat ons gereed sal wees om in sy teenwoordigheid te staan. Hy moet die leuens oor Hom en sy Vader wat veroorsaak dat Christene vir God bang is, wat veroorsaak dat hulle dink God is die bron van pyn, lyding en dood, wat Hy toedien aan mense as straf vir sonde, verwyder. Om eensgesind te wees, om in liefde en vertroue getrou te wees, kan ons nie bang wees dat die Bruidegom of sy Vader ons sal doodmaak nie. Alle vrees vir God moet verwyder word sodat die bruid (die lewende heiliges) in ewige bande van liefde en vertroue met Hom verenig kan word. Hierdie reinigende, verenigende, suiwerende troue kon nie plaasvind voordat Satan se leuens wat die Christendom besmet het, deur verhaalde Bybelwaarheid ontbloot is nie!

Dit is dus eers in hierdie tyd in die menslike geskiedenis, die tyd nadat die Bybel in die hande van die mense teruggegee is, die tyd ná die Hervorming, dat Jesus sy reinigingswerk kon voltooi en met sy lewende mense kon trou. Dit is die volk van God wat "Hom sal sien, en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees" (Openbaring 22:4).



> *"Die Christendom het verander in 'n godsdiens wat vereis het dat offers aan 'n beledigde god gemaak moes word om daardie god vir ons sondes te betaal sodat die god ons nie doodmaak nie."*





# DRA JOU NUWE NAAM

"Jesus kom binnekort; op hierdie tydstip in die menslike geskiedenis moet die bruid haarself voorberei om Hom te ontmoet."

**DIE NAAM VAN GOD IS SY KARAKTER. DIE MENSE VAN GOD HET SY KARAKTER WAT BINNE HULLE WEERGEGEE IS. HIERDIE HERSTEL VAN GOD SE KARAKTER BINNE DIE HEILIGES** is die reiniging van die heiligdom, die verwydering van sonde en rebellie, die herstel van die verlostes tot God se oorspronklike ontwerp vir die mensdom, die ontvangs van die volmaaktheid van Christus as hul eie, en om met Christus verenig te wees – om met Hom getroud te wees! Ons ontvang ons nuwe naam: "Christen," een wat soos Jesus is.

Dit is waarom die hemelse stad beskryf word as een wat "met die heerlikheid van God" skyn (Openbaring 21:11 AFR83), want die volk van God is gevul met sy Gees, gereinig van alle sonde, sy wet is op hulle harte geskrywe, en verheerlik Hom deur sy karakter van liefde uit te leef.

Jesus kom binnekort; op hierdie tydstip in die menslike geskiedenis moet die bruid haarself voorberei om Hom te ontmoet. Ek nooi jou uit om jouself voor te berei deur jou hart vir Hom oop te maak, Hom te aanvaar as jou vriend, metgesel en vennoot tot in alle ewigheid en Hom toe te laat om sy wetsontwerp van liefde op jou hart en verstand te skryf, om jou van alle sonde te suiwer en te reinig. Laat Hom toe om sy naam op jou te skryf en die werklikheid te beleef om met ons hemelse Bruidegom getroud te wees!

## As jy hierdie tydskrif geniet het, dan sal jy hou van comeandreason.com!

Come and Reason Ministries bied honderde aflaaibare en stroombronne aanlyn – GRATIS – wat onvertelde, lewensveranderende waarhede oor God openbaar. Ons nooi jou uit om enige tyd en van enige plek af te kom kuier en te ontdek wat "God is liefde" werklik beteken.

***Webdagboeke en Regstreekse Uitsendings***
Vind gereelde, prikkelende artikels oor huidige gebeure, kwessies in kultuur, en wat dit beteken om in vandag se chaotiese wêreld soos 'n Christen te leef.

***Aflaaibare Tydskrifte***
Tydige, diepgaande en Bybelse inligting oor moeilike en verwarrende onderwerpe wat jou sal help om God en sy wil vir jou lewe beter te verstaan.

***Regstreekse en Argiefuitsendings***
Sluit elke week by ons aan vir 'n nuwe regstreekse uitsending wat sal inspireer en inlig – en moenie argiewe van ons radio- en televisie-uitsendings misloop nie.

***Hulpbronne***
Gratis en aflaaibare hulpbronne van boeke tot die deel van snitte, potgooie, Bybelstudies en meer!

Plus ...

- Come & Reason aanlyn winkel
- Lede-afdeling wat gemeenskaps- en ander groot voordele bied
- En meer!

***Openbarende videoreeks***
Wat is wetsontwerp? Wat sê dit oor God? Hoe beïnvloed dit jou lewe? Kry werklike, inspirerende lesse van Timothy R. Jennings, M.D., in hierdie openbarende videoreeks:

Healing the Mind Chattanooga

The Power of Love Course

God and Your Brain Seminar

From Fear to Friends Seminar


9 780796 195258